*2 week tema*

# Reptiele




# Tema 20

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat hulle nie slange of ander reptiele bloot moet nader nie.<br>• Maats leer dat hulle nie na ander mag staar en disrespekvol op moet tree nie.<br>• Die temastorie leer vir maats van vriendskappe en dat maats met mekaar speel en pret saam het.<br>• Die temastorie leer vir maats dat ons aandag in ons klassies moet gee.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, |
| Identiteit en samehorigheid | • Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters “lees” saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie “leeservaring” word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• ’n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en “skryf” hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer “elf” word die week behandel. Maats moet tot by elf tel.<br>• Maats leer van die trapesium (die vorm hierdie week).<br>• Maats bou vormslange.<br>• Maats leer van absorbsie.<br>• Maats meet die reptiele en onderskei tussen langer en korter.<br>• Maats onderskei tussen meer en minder.<br>• Maats ontdek grys as kleur van die week. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om ’n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer ’n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder.<br>• Maats maak skilpaaie. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van die onderskeie soorte reptiele.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle reptiele maak. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Elf (11)***
- Vorm van die week: ***Trapesium***
- Kleur van die week: ***Grys***


# SIRKELSESSIE
*Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 11 op hul vingers tel terwyl hulle 11 keer in die lug spring.***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:



# Grysie Grys

# GRYSIE GRYS *(Die Storie)*

Grysie Grys bly in die Grys Paleis! Dit is die mooiste paleis in Gabbelgogga-land. Dit is gebou van die mooiste donkergrys stene en dit het honderde klein, blink venstertjies! Die paleis het ook die mooiste ligte grys dakkie en in die aand, as die maanlig daarop skyn, lyk dit silwer.

Reg om die paleis het Grysie Grys die mooiste tuine aangelê. In die oggende loop hy met sy grys gietertjie en gooi al die blommetjies in sy pragtige tuin nat. Dan gooi hy hande vol saadjies vir die grys duiwe op die gras uit om te eet. Hulle eet todat hulle grys borskassies so trommeldik staan! Grysie Grys stap dan na sy perdestal toe en voer sy silwergrys perd, Gert Grysperd.

Tien uur stap ou Grysie Grys terug na die Gryspaleis toe om tee uit sy silwergrys koppie te gaan drink. Gys die grys kat kom skuur dan teen Grysie Grys se voete omdat hy melkies soek. Grysie gooi dan vir hom heerlike melk in sy grys bakkie. Gys die grys kat drink dan die koue melkies todat sy magie dik staan en sy snorbaarde vol melk is!

In die laatmiddag trek Grysie Grys sy grys trui aan en stap oor die grys klippies na die dam toe. Hy gooi dan sy vistokkie in dam en trek vir hom 'n blink, vet, grys vis uit vir aandete. Na aandete kruip hy dan onder sy grys kombersie in en krul op. Dan kom lê Gys die grys kat warm langs hom en slaap hul heerlik!

**Vertoon hierdie week vir Grysie Grys in die klas**

Maats kan die ganse week vir Grysie Grys allerlei grys items bring. Hulle kan ook vir Grysie met grys houtskool teken.

Moedig maats aan om gepaste grys items vanuit die klas of van die huis af vir Groot Grys te bring.

**Probeer hierdie week om GRYS verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




MOLLIE

Hoeveel trapisiums sien julle?



Trappies Trapisium


MOLLIE


MOLLIE

# Bybel-illustrasies






**Visuele prosessering:**

- Die afgod is AGTER die mans.
- Die vrou kniel VOOR die afgod.
- Watter kleur is die kraaie?
- Hoeveel kraaie is daar in die prente?
- Die rivier is ONDER die kraaie.
- Watter kleure kan ons alles in die laaste prentjie sien?

# Bybelles

## *Koning Agab sondig*

## DAG 1-2

Maatjies, daar is so baie stories in die Bybel waar ons leer dat God altyd na Sy kinders kyk. Hierdie is weer so ’n storie. Dit is die storie van die profeet Elia. Elia was baie lief vir God en het vir die Israeliete van Hom vertel, maar hulle wou nie luister nie.

Hulle koning se naam was Agab en hy was nie ’n goeie koning nie. Hy en sy vrou was nie lief vir God nie en het afgode aanbid. Maatjies, ons het nou al geleer dat dit in die Tien Gebooie staan dat God vir ons sê dat ons nie afgode mag aanbid nie.

Eendag sê Elia vir koning Agab dat God nie meer reën gaan stuur nie, want hulle wil nie luister nie. Elia waarsku verder vir Agab dat daar nie kos vir die mense of die diere sal wees nie. Agab word toe vreeslik kwaad en wil toe vir Elia doodmaak, maar God sorg altyd vir Sy kinders en Hy sê toe vir Elia om by ’n stroompie te gaan wegkruip.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Profeet**

Iemand wat boodskappe van God kry

**Afgode**

Beelde wat mense aanbid

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die profeet se naam?
- Watter sonde het koning Agab en sy vrou gedoen?

### Lewensles

*As kinders van God kan ons met al ons probleme na Hom toe kom!*

# Bybelles

## God sorg vir Elia

# DAG 3-4

Toe Elia by die stroompie kom, is daar geen ander mense nie. Daar is ook nêrens kos vir Elia nie. Hy kan darem van die stroompie se water drink. Elia is glad nie bang nie, want hy weet dat God vir hom sal sorg. Hy wag en wag en dit word baie warm.

Skielik sien Elia ’n klomp kraaie wat aangvlieg kom. Hulle vlieg al hoe nader en is glad nie eers bang nie. Dan sien Elia ’n wonderwerk! Die kraaie het vleis en brood in hulle snawels. Hy weet dat dit God is wat vir hom die kos stuur. God het sy belofte nagekom om vir Hom te sorg. Daardie aand bring die kraaie weer vir Elia brood en vleis. Hulle hou aand na aand aan om kos vir Elia te bring.

Die ander mense kry baie swaar want God het hulle gestraf omdat hulle nie na Hom luister nie. Daar is geen reën nie so daar kan geen groente en vrugte groei nie. Die mense het nie kos om te eet nie.

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Waar het Elia gaan wegkruip?
- Hoe het hy kos gekry?
- Watter kos het die kraaie vir Elia gebring?
- Het die ander mense kos gehad om te eet?

### Woordeskat-ontwikkeling

**Wonderwerk**

Wanneer iets wonderliks gebeur waarvoor jy gebid het

**Kraai**

’n Swart voël met ’n skerp snawel

**Snawel**

’n Voël se bekkie

### Lewensles

God sal altyd vir Sy kinders sorg!

## Doen wat reg is

# DAG 5

Natuurlik kon die mense se afgode nie help nie. Op ’n dag het die stroompie se water opgedroog. God het vir Elia gesê waar om ’n vrou te kry wat haar kos en water met hom sou deel. Die vrou het haar laaste bietjie meel en olie gebruik om ’n brood te bak en dit met Elia en haar seun te deel.

Toe die vrou weer kyk, was die houer vol meel en haar kan vol olie. Omdat sy gedeel het wat sy gehad het, het God seker gemaak dat sy en haar seun en Elia nie honger ly nie. So het God het vir Elia gesorg.

**Meel**

Wit poeier waarmee ons brode bak

### Lewensles

God sal altyd vir Sy kinders sorg!

Laat maats hierdie week beurte maak om die storie van Salomo en die twee mammas te dramatiseer. Maats kan die gesiggies as maskers dra (pons net gate deur) en die storie in groepies vir die klas illustreer.

*Rolspel!*

# DAG 6-10







# TEMA

*(Gedig en storie)*



Ou krokodil

lê heeldag stil,

en bak so in die son.



Dan swem hy hier

en swem hy daar,

so om en om en om.






## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*Ou krokodil*

***Die gediggie leer vir maats van die werksaamhede van die krokodil wat in die son bak, in riviere swem ens.***

***Maak maats atent op die klankies wat hul in die gedig hoor.***



## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Bewe, bewe, bewe*

**Die liedjie is 'n aksieliedjie wat vir maats leer watter diere alles reptiele is en dat hulle koudbloedig is. Dit vra vir hulle om hulle lyfies te laat bewe, hulle sterte te swaai, op hul magies te seil ens. Maats moet na die lirieke luister en die aksies in die liedjie uitvoer. Die lied werk dus aan ouditiewe persepsie.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*Die nors verkleurmannetjie*

***Hierdie week ontdek Mollie en die maats die verkleurmannetjie. Hulle dink dit is 'n reënboogakkedis en verwonder hulle aan hoe die verkleurmannetjie van kleur verander! Hulle sien hoe hy 'n vlieg met sy tong vang en in die proses leer maats dus hoe die verkleurmannetjie eet, dat hy van kleur verander en waar ons hom tipies sal aantref.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *(Bierbokse)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK


*(Hierdie week gaan maats pret met sand hê! Ons gaan met sand in bokse en met sand buite speel!)*


Maatjies, juffrou Springhaas het hierdie week vir Mollie en sy maats vertel dat reptiele eiers lê. Mollie besluit sommer dadelik dat hy eiers van sy gaan maak! Ons gaan dit ook doen! *(Gee vir elke maatjie 'n bolletjie* ***wit klei****. Pak dan* ***'n paar leë plat bierbokse vol sand*** *voor maats uit. Maatjies moet nou reptielnessies maak en die eiers daarin begrawe. Wanneer al die eiers begrawe is, moet maatjies dit nou weer uit elke nessie grou en dit saam met juffrou tel. Pak al die eiers dan in 'n ry uit. Watter eier is die kleinste? Watter eier is die grootste?)*

Nadat Mollie sy reptieleiers gemaak het vertel hy vir Manie Meerkat, Apie en klein Olifantjie dat hy eendag op pad huis toe, 'n sleepsel van 'n slang in die sagte sand van die voetpaadjie gesien het. Hy het sommer groot geskrik en toe sommer vinnig huis toe gehardloop. *(Gee vir* ***elke maatjie krale en 'n stuk tou****. Maats moet dan die krale oor die tou ryg om 'n kraalslang te maak. Maak seker dat die tou langer is as wat die slang gaan wees sodat maats 'n stuk tou het waaraan hulle kan vashou as hulle die slangetjies wil rondsleep. Laat maats die touslange buitentoe neem en oor die sand in die sandput of deur sagte grond sleep. So kan maats sien watter patroon die slange in die sand maak. Wie se slangpatroon is die langste? Wie se patroon is die kortste? Kan maats tussen korter en langer onderskei? Nog 'n oulike aktiwiteit vir vormherkenning is om* ***onderskeie vorms uit verskillende kleure karton*** *te knip en dit voor maats uit te pak. Maats moet dan telkens die onderskeie vorms volgens jou instruksie optel en op die grond neersit om vormslange te maak. Kan maats telkens die vorm identifiseer wat jy vra hulle moet?)*

Nadat Mollie vir sy maatjies van die slang vertel het wat hy gesien het, gesels die maats oor ander reptiele soos skilpaaie, slange, verkleurmannetjies en krokkodille. Weet julle wat eet elkeen van hierdie soort reptiele eet? *(Pak* ***die verskafde prentjies van verskillende reptiele*** *op die tematafel uit saam met* ***prentjies van verskillende prooi en kos****. Help maats nou om die relevante prentjie by die relevante reptiel te plaas. Prentjies van muise, voëltjies en hasies kan uitgepak word as kos vir slange. Prente van bokke kan vir die krokodil se kos uitgepak word. Prente van springkane en krieke kan vir kos vir die verkleurmannetjie uitgesit word. Prente van vrugte en bessies kan as kos vir die skilpad uitgesit word.)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...












# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2





Krokodille is groot groen reptiele met plat lyfies en groot bekkies vol skerp tandjies.
Hulle kan baie goed swem en is lief vir water.

## Dag 3 en 4



Likkewane is kleiner as krokodille.
Hulle het growwe velletjies.
Hulle het lang lyfies met lang, sterk stertjies.
Hulle gebruik hulle sterte om mee te baklei.
Hulle het kort bene waarmee hulle baie vinnig kan hardloop.
Hulle hou van bak in die son.

## Dag 5 en 6







Slange het lang lyfies waarmee hulle seil waar hulle wil wees.
Hulle het geen pote nie.
Hulle plat koppies.
Hulle het ook tongetjies wat gesplete is.
Ons kry slange wat in die veld bly soos mambas en adders.
Daar is ook slange wat in bome bly.
Ons kry selfs slange wat in die see bly. Ons noem hulle sleeslangetjies.

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 7 en 8





Ons kry see- en landskilpaaie.
Hulle het skurwe velle en doppies.

## Dag 9 en 10



Verkleurmannetjies het klein groen lyfies.
Hulle groot ogies.
Hulle het pote wat elk twee tone het.
Hulle gebruik dit om te klim.
Hulle het lang sterte.



# Tema-les

## *Krokodille*

# DAG 1-2

Maatjies, hierdie week leer ons van reptiele! Reptiele se lyfies is nie soos ons mense of ander diertjies se lyfies nie. Hulle lyfies is kouer en hulle moet daarom in die son lê om hulle lyfies lekker warm te laat word.

Reptiele se velletjies is vol skubbe. Party van hulle se velle, soos slange, is glibberig en ander, soos krokodille se velle is weer grof.

Reptiele lê eiertjies waaruit hulle babatjies gebore word.

Een van die grootste reptiele wat ons kry is die krokodil. Krokodille bly naby aan water en hulle hou sommer baie van swem.

Hulle het growwe, groenbruin velle en vaal geel pensies. Hulle het plat, lang lywe en vier kort beentjies met pote waarmee hulle in die water skop wanneer hulle swem. Hulle kan baie goed swem.

Krokodille kan nie net goed swem nie, maar kan ook baie vinnig hardloop, al is hulle bene baie kort. Hulle kan op land vinniger as mense hardloop.

Krokodille het lang, plat, sterk bekke wat vol skerp tande is. Hulle gebruik hierdie bekke en tande om hulle prooi te vang. Hulle lê doodstil in water en laat net hulle ogies en neusies bo die water uitsteek. As hulle prooi dan naby hulle kom, spring hulle vorentoe en gryp die prooi. Prooi is lewende diere wat ander diere vang en eet.

Krokodille eet bokke, visse en ander klein diertjies as prooi. Omdat hulle diertjies eet noem ons hulle *karnivore.* Karnivore is diere wat vleis eet.

Krokodille gee vir ons leer wat ons kan gebruik om beursies en handsakke vir mense te maak.

## Kritiese denke

- Maatjies het julle al reptiele soos slange of skilpaaie gesien?
- Het iemand 'n reptiel as troeteldier?
- Maatjies, het julle al krokodille op televisie of in die dieretuin gesien?

## Kinestetiese leer

Pak leerprodukte soos beursies of 'n handsak voor maats uit. Kom ons ruik nou aan die leer en voel daaraan. Lig uit hoe sterk die leer is en hoe hard of grof dit ook is. Die leer hoef nie van krokodilvel te wees nie. Maats moet net kan voel wat leer is en wat die tekstuur daarvan is.

## Woordeskatontwikkeling

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Krokodil | Bek | Skerp | Water | Karnivore |
| Pote | Sterk | Tande | Diertjies | Vleis |
| Bene | Plat | Swem | Prooi | Leer |

# TEMA-LES

## *Likkewane*

# DAG 3-4

Vandag gesels ons verder oor reptiele. Ons gaan praat oor likkewane!

Likkewane is familie van akkedissies, maar hulle is groter. Hulle het lang lyfies met growwe, skurwe velle en skubbe. Voor aan hulle lyfies het hulle het klein, smal koppies. Hulle het twee ogies en bekkies met skerp tandjies. In hulle mondjies het hulle 'n tongetjie wat soos 'n slang se tong lyk. Hierdie tong is dus in twee verdeeld. Dit is 'n baie spesiale tong want likkewane gebruik dit om mee te ruik!

Likkewane het vier kort beentjies wat uit hulle lyfies kom. Hierdie beentjies is sterk en hulle gebruik dit om vinnig te kan hardloop. Aan hulle beentjies is daar pote met skerp kloue vas. Hulle gebruik hierdie kloue om goed in bome of oor rotse te kan klouter.

Uit hulle lyfies loop daar lang, sterk sterte. Likkewane gebruik hierdie stert om te swem. Hulle gebruik dit ook om met ander likkewane of diertjies te veg.

Likkewane eet net vleis en is daarom ook karnivore. Klein likkewane eet insekte en groter likkewane eet klein diertjies soos hasies.

Wanneer likkewane babas wil hê lê hulle eiertjies. Hierdie eiertjies lyk nie soos gewone eiertjies nie. Dit is langwerpig en taai met doppies wat soos leer voel.

Likkewane lê hulle eiertjies in sand. Hulle gooi die eiertjies dan met die sand toe sodat ander diertjies wat die eiers kan eet, nie kan sien waar die eiertjies is nie. Partykeer sal die likkewane selfs hulle eiertjies in miershope lê. Dit is baie slim! Op so 'n manier het die babatjie likkewane dan klaar iets om te eet (die miere in die miernes) wanneer hulle uit die eiertjies broei!

Likkewane is dus baie slim!

## Kinestetiese leer

Knip 'n groot krokodil en ook 'n kleiner likkewaan uit bruin- of koerantpapier. Pak dit op die grond langs mekaar uit.

- Laat maats help om beide die krokodil en die likkewaan te meet. Lig uit dat die likkewaan kleiner as die krokodil is.
- Vra maats om VOOR, LANGS, OP en AGTER die krokodil te staan.
- Gee nou vir maatjies skuurpapier om op die reptiele te plak. Gee dan vir hulle groen verf en laat hulle die reptiele se nuwe growwe velle daarmee besmeer.

## Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Likkewaan | Skubbe | Gesplete tong | Doppies |
| Akkedis | Grof | Eiertjies | Taai |
| Vel | Skurf | Langwerpig | Sand |

# Tema-les

## Slange

# DAG 5-6

Maatjies,vandag gesels ons oor slange! Slange het nie voetjies nie. Hulle het lang lyfies waarmee hulle vorentoe seil waar hulle wil wees. Hulle lang lyfies is het gladde, glibberige velletjies wat vol skubbe is. Hierdie velletjies is spesiaal. Slangetjies groei en groei en elke nou en dan word hulle lyfies groter as hulle velletjies. Slangetjies gooi dan hulle ou velletjies af. Ons sê dat hulle "vervel". Hulle lyfies maak dan 'n nuwe velletjie wat groot genoeg vir hulle lyfies is.

Slangetjies het plat, smal koppies met klein ogies. Hulle ogies lyk anders as ons ogies. Dit het nie ooglede wat kan beweeg soos ons ooglede nie en dit het ook nie ronde sirkeltjies (korneas) in die middel nie. Hulle korneas is langwerpig. Hulle ogies kan baie goed in die aand sien omdat hulle hulle kossies soms in die aand vang.

Slange het plat bekkies met gesplete tongetjies. Net soos likkewane ruik hulle met hulle tongetjies. Hulle het ook net twee tandjies wat hulle gebruik om hulle kossies te vang. Hulle eet vleisies soos muise en hasies. Hulle vang hierdie diertjies en sluk hulle heel in. Hulle kan nie hulle kossies soos ons kou nie.

Slangetjies het geen ore nie en is heeltemal doof. Hulle kan bewegings of vibrasies op die grond voel. Dit is hoe hulle weet dat hulle prooi of iemand in hulle rigting oppad is. As hulle mense of groot diere voel aankom sal hulle vinnig uit die pad seil.

Ons kry slangetjies wat in die grond in gate bly soos pofadders, groen- en swartmambas en molslange. Ander slangetjies soos boomslange bly weer in bome. Ons kry selfs slange wat in die see bly. Ons noem hulle sleeslange.

Net soos met enige ander wilde diere moet ons nooit aan slange probeer vat of hulle probeer optel nie want hulle kan pik.

## Kritiese denke

- Het julle al slange gesien?
- Weet julle dalk van iemand wat 'n slang as troeteldier het?

## Kinestetiese leer

Plak 'n foto van 'n slang se oog op 'n groot spieël' Sit die spieël in die klas neer waar maats veilig voor dit sal kan staan en hulle eie gesiggies daarin sal kan sien. Laat maats nou een-vir-een voor die spieël kom staan. Laat hulle hul eie ogies besigtig en dan na die foto van die slang se ogie kyk. Wat sien ons? Hoe lyk ons eie ogies anders?

## Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Slang | Vibrasies | Pofadder | Molslang |
| Skubbe | Voel | Groenmamba | Boomslang |
| Seil | Doof | Swartmamba | Pik |

# TEMA-LES

## Skilpaaie

# DAG 7-8

Maats vandag gesels ons oor skilpaaie!

Skilpaaie is reptiele wat baie stadig loop. Hulle het vier pootjies en doppies op hulle ruggies. Hierdie doppies is hulle huisies. Wanneer hulle bang word trek hulle hul lyfies in hulle doppies in. Hulle is dan veilig in hulle harde doppies wat hulle beskerm. Hulle doppies gaan oral saam met hulle en word groter soos wat hulle groter word. Skilpaaie word nooit groter as hulle eie doppe nie.

Skilpadjies se velletjies is grof en skurf. Hulle mondjies het ook growwe, skerp puntjies of horingagtige lippies. Hulle gebruik hierdie skerp puntjies op hulle horingagtige lippies om hulle kossies fyn te skeur. Hulle moet hierdie skurwe lippies daarvoor gebruik want hulle het nie tandjies waarmee hulle hul kos kan eet of kou nie.

Skilpaaie eet blare, vrugte, groente en soms klein insekte soos naakslakkies, wurms en duisendpote.

Ons kry oulike skilpaaie wat op land, in water en selfs in die see bly. Seeskilpadjies kan nie hulle lyfies in hulle doppies intrek soos gewone skilpaaie wanneer hulle bang word nie. Hulle swem daarom vinnig weg wanneer hulle bang word.

Seeskilpaaie se doppies lyk ook anders as gewone skilpaaie se doppies. Dit is nie so rond nie maar is eerder plat. Hulle pote lyk ook anders as gewone skilpaaie se pote. Hulle pote lyk amper soos vlerkies en hulle gebruik dit om in die water te skop wanneer hulle swem.

Skilpaaie lê eiertjies wanneer hulle babas wil hê. Hulle begrawe die eiertjies in sand sodat ander diertjies nie kan sien waar die eiertjies is nie. Dit is om te keer dat die ander diertjies die eiertjies eet. Seeskilpaaie kom net uit die see uit om eiertjies te lê.

## Kritiese denke

- Ken julle iemand wat 'n skilpad as 'n troeteldier het?
- Het julle dalk een?

## Kinestetiese leer

Sit 'n groot boks of enkele bokse in die middel van die vloer vir maats neer. Die bokse moet groterig wees sodat maats met gemak daarin sal pas. Laat maats om die beurt hulle hele lyfie in die boks in oprol sodat hulle kan voel hoe geborge skilpaaie in hulle doppe voel. Jy kan ook dat maats op die rime van musiek in en uit hulle "doppies" kruip. Maak dit 'n speletjie.

## Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skilpad | Rond | Skurf | Skeur |
| Seeskilpad | Plat | Horingagtig | Swem |
| Dop | Skerp | Puntjies | Begrawe |

# TEMA-LES

## Verkleurmanne

# DAG 9-10

Maatjies, vandag gesels ons oor verkleurmannetjies of trapsuutjies! Hulle is familie van akkedissies.

Verkleurmannetjies is klein, groen reptiele met skurwe velletjies wat in bome bly! Hulle het klein lyfies en vier pote wat elk twee tone het. Hulle gebruik hierdie twee tone om saggies deur blare en takke te beweeg. Hulle beweeg baie stadig en hulle lyfies wieg soos wat hulle vorentoe loop.

Verkleurmannetjies het twee groot uitpeulogies wat gelyke tyd in teenoorgestelde rigtings kan beweeg. Hulle ogies kan reg rondom hulle sien.

Verkleurmannetjies het klein bekkies met lang, klewerige tongetjies. Hierdie tongetjies is tot twee keer langer as hulle lyfies en hulle gebruik dit om insekte en klein akkedissies te vang. Hulle tongetjies kan blitsvinnig uit hulle mondjies skiet en teen hulle prooi vasplak. Hulle trek die prooi dan vinnig terug in hulle mondjies in.

Agter aan verkleurmannetjies se lyfies het hulle lang stertjies. Hulle gebruik hierdie stertjies om mee te klim. Hulle draai hul stertjies om takkies om mooi stewig op die takkies te bly. Hulle stertjies is spesiaal hiervoor gemaak.

Die heel oulikste kenmerk van verkleurmannetjies is hulle velle. Hulle velletjies kan van kleur verander! Hulle verander van kleur om hulle lyfies weg te steek as hulle nie gesien wil word nie. Ons sê hulle "kamoefleer" hulself. Hulle verander ook van kleur as hulle vir ander verkleurmannetjies wil laat weet dat hulle kwaad is of spesifieke maniere voel (hulle velle kommunikeer hul gemoedstoestand).

Net soos ander reptiele lê verkleurmannetjies eiertjies wanneer hulle babas wil hê.

### Kinestetiese leer


Sit 'n stuk papierhandoek op 'n tafel neer. Pak drie glase met geel, rooi en blou gekleurde water op die tafel uit. Drup 'n paar druppels geel water op die wit papier. Drup dan blou druppels bo-op die geel druppeltjies. Die kleur verander dan na groen. Herhaal die oefening met 'n paar kleurkombinasies. Verduidelik vir maats dat dit presies is wat met klein verkleurmannetjies se velle gebeur. Die pigmente in die verkleurmannetjies se velle verander! Is dit nie te oulik nie maats?

### Woordeskatontwikkeling

| | | | |
|---|---|---|---|
| Verkleurmannetjie | Verander kleur | Tone | Klim |
| Vel | Kamoefleer | Lang | Stewig |
| Verkleur | Pote | Stertjie | Gemoedstoestand |


## Verf/inkleur, skeer, plak en pas

Gee vir elke maat 'n papierbord. Laat hulle dit bruin verf om 'n skilpaddop te maak. Gee nou vir hulle ligte geel of bruin papier om te skeer. Laat hulle die geskeerde papier op die ronde papierbord plak om kolle en patrone op hulle "dop" te vorm. Laat hulle dan die onderstaande skilpadkop en pote uitknip en bruin verf of inkleur. Laat hulle die kop en pote dan aan die papierbord vasplak.



## Knyp, druk, verf en plak

Druk die onderstaande slang op 'n A3 papier uit. Laat maats sponsies met knypapparaat soos wasgoedpennetjies vasknyp en in verskillende kleure verf druk. Laat hulle dan hul slangetjies daarmee verf. Gee dan vir hulle ronde plakkers om patrone op hul slange te plak.




## Voel, trek en beweeg


Maak 'n groot bak blou jellie aan. Knip die onderstaande seeslang uit en lamineer dit. Gee dit vir maats om deur die blou jellie te trek en te speel. Ons seeslang "swem".





## Identifiseer verskille


Lamineer en sny die onderstaande krokodille uit. Sit die boonste krokodil voor maats neer. Vra vir hulle om dit mooi te besigtig. Sit nou die tweede krokodil langs die eerste krokodil voor maats neer. Vra vir hulle om die twee krokodille versigtig te besigtig en uit te lig hoe die tweede krokodil van die eerste krokodil verskil. Laat hulle die oefening met die derde, vierde en vyfde krokodil herhaal. Krokodille moet telkens met die "standaardkrokodil" vergelyk word.














# Gesyferdheid
*Aktiwiteit 5*


## Tel


Watter een van die onderstaande repe het meer likkewane as die ander? Laat maats elke strook se likkewane met hulle vingertjies tel en vir jou sê.












## Inkleur

Kleur vir Stiena Swart in!




Kleikaart

*Aktiwiteit 7*

## Manipuleer en druk

Laat maats 11 swart trapesiums uit klei vorm en op die onderstaande trapeziums neersit en dan tel.



11

**Benodighede**

Fluitjie
Hoepels
Wipmat
Boontjiesakkies
Tennisballe
Balle en pilatusbal
Balanseerbalk
Springtou

### Opwarming

- Speel die stop-en-vries speletjie. Maats moet vrylik rondbeweeg en vries wanneer jy op 'n fluitjie blaas of "stop" skree.
- Speel nou "Simon says" en gee telkens vir maats instruksie om aan bepaalde dele van hul lywe soos hulle neuse, ore, ogies, koppe, voete ens. te raak.

### Bilaterale koördinasie - arms en hande

- Plaas drie hoepels langs mekaar op die vloer. Laat maats een-een in die middelste hoepel sit. Plaas tennisballe in die hoepels links en regs van maats. Hulle moet dan die tennisballe gelyktydig met die linker- en regterhand vat en dit in middelste hoepel (waarin hulle sit ) plaas.
- Maats moet volgende die balle weer gelyktydig in beide die buitenste twee hoepels plaas.

### Balans

- Maats moet hul balans in 'n stilstaande posisie hou terwyl hulle op een been staan vir een minuut. Herhaal terwyl maats op hulle tone staan.
- Laat maats op hulle tone met hulle arms sywaarts staan terwyl hul oë vir dertig sekondes toe is .
- Laat maats nou op 'n wipmat spring terwyl hulle 'n bal vang en teruggooi.
- Laat maats laastens op hul magies oor 'n pilatusbal lê en op hul handjies vorentoe loop terwyl hulle op die bal balanseer.

### Ruimtelike oriëntering

- Laat maats in pare van twee staan. Een maat in elke paar moet dan volgens jou instruksie VOOR, AGTER en LANGS die ander maat gaan staan. Nou moet maats ruil.
- Maats moet volgende om die beurt TUSSEN mekaar se bene kruip.

### Reaksie-tyd

Maats moet vyf groot balle met beide hande deur 'n hoepel gooi wat heen en weer beweeg word. Herhaal 'n paar keer totdat maats dit bemeester. Boontjiesakkies of tennisballe kan ook gebruik word.

### Ratsheid

- Maats moet oor 'n balanseerbalk met hul arms op hulle heupe loop.
- Pak volgende tou in die vorm van 'n trapesium op die grond uit en laat maats daarop loop.


# KINETIKA


## Ritme


Maats moet ritmies volgens juffrou se hande-klap stap. Hulle moet ook vorentoe loop en draf terwyl hulle self hande klap.

## Afwarming

Laats maats op 'n gelyke oppervlakte lê met hul ogies toe. Laat hulle nou hulle arms en bene gelyktydig oop en toe maak om "engele in die sneeu" te vorm.







Maats moet beweeg!



# STEAM

## Reptiele: Slangkleure

### Wat gebeur as materiaal vloeistof opneem?

Reptiele kom in baie mooi kleure voor en in hierdie kleureksperiment gaan maats hulle eie kleurslang maak. Maats gaan ook leer dat sagte materiale vloeistof opneem en dat kleure meng.






### Benodighede

- 5 bakkies
- Verskillende voedselkleursels
- Water
- Kombuispapier (kitchen towels) of sterk toiletpapier

### Instruksies

1. Vul die helfte van elke bakkie met water.
2. Gooi 'n verskillende kleur kleursel in elke bakkie. Begin by ligte kleure soos geel en vul die bakkies met donkerder kleursel soos jy aangaan.
3. Sny nou die kombuispapier in repe, vou dit dubbeld en sit een reep tussen elke bakkie. Dit is die maats se slang.
4. Die papier sal onmiddelik die water opneem en die twee kleure tussen elke twee bakkies na mekaar toe laat vloei. Dit vorm een lang gekleurde slang. Die bakkies kan ook vir 'n paar ure staan sodat die kleure meng.



### Wat het ons geleer?

Maats het hulle eie gekleurde slang gemaak in hierdie eksperiment. Die kombuispapier is sag en neem die water op. Die gekleurde water word geabsorbeer en die water vloei dus teen die papier op en meng met die kleursel van die bakkie langsaan.

